

**Saterdag 8 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 10:1-29; Psalm 99:1-3; Matteus 2:1-11**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 10:9, 23, 24**

### **Volmaakte roem, heerlikheid en koningsheerskappy**

**D**ie teksgedeelte verduidelik Salomo se koninkryksheerskappy wat wêreldbekend geword het. Die Here het sy belofte gehou en Salomo geweldig groot in sy koningsheerskappy en wysheid gemaak. Daar was nooit sy gelyke as dit by heerserskap en wysheid gekom het nie.

Nadat die koningin van Skeba Salomo ontmoet het en met hom gepraat het, het sy agtergekom dat die helfte haar nie vertel is oor die indrukwekkendheid van Salomo as koning van Israel nie. Sy kan nie anders nie as om die God van Israel raak te sien in die wyse waarop Salomo geseën is met rykdom en wysheid.

Die lande en konings rondom het almal uit Salomo se wysheid geput en sy skatkamers het al hoe groter geword. Uiteindelik was hy amper 'n tipe van 'n wêreldheerser in sy tyd.

Die seën van die Here is geweldig groot wanneer Hy met die keur van sy seëninge sy kinders seën. Sy kinders ervaar dit elke dag wanneer die Here deur sy Gees seënend teenwoordig is in hulle lewens.

In 2 Kronieke 9:29-31 word eenvoudig geopenbaar: Daarna het Salomo met sy vaders ontslaap en is begrawe in die stad van sy vader Dawid; en sy seun Rehabeam het in sy plek koning geword ... die begin van die einde van die indrukwekkende koninkryk van koning Salomo ... die skeuring van die 12 stamme van Israel.

Sy geweldige koninkryk wys heen na die volmaakte roem, heerlikheid en koningsheerskappy van God in Christus – hierdie koninkryk van God is vir ewig!

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)*